No 18 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 10 AUGUST 2023

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Mr C M Dugmore
Mr C Fry
Ms N D Nkondlo
Mr P J Marais
Mr G Pretorius
Mr P T de Villiers
Mr F C Christians

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**MATTER OF PUBLIC IMPORTANCE (in accordance with Standing Rule 143)**

Mr C M Dugmore (Leader of the Opposition): The minibus taxi strike.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(10 August 2023)***

1. Mr L L Mvimbi: That the House debates the road by-laws implemented by the DA.
2. Ms A P Bans: That the House debates the increasing numbers of mass shootings in Western Cape.
3. Ms R Windvogel: That the House debates the impact of the taxi strike on health facilities in Cape Town.
4. Ms A P Bans: That the House debates the safety of Eskom workers in Cape Town townships.

**NOTICES OF MOTION *(3 August 2023)***

1. Ms A Cassiem: That the House notes that on 29 July 2023 the Economic Freedom Fighters celebrated its 10th anniversary, which was successfully held at the Soccer City in Johannesburg; further notes that this anniversary did not go unnoticed as so-called leaders from other political parties, such as the DA and FF+, also desperately tried to ride on its wave in order to remain relevant by rushing to police stations while the other made threats that they will report the party and our Commander in Chief, Julius Malema, to the United Nations Human Right Council over a struggle song chanted at the event; and states that these are just two desperate political parties that will use the EFF in their desperate attempts to score cheap political points in their fight to win the minority racist Afrikaner electorate.

2. Ms A Cassiem: That the House notes that the community of the Zwezwe Informal Settlement in Khayelitsha was left without electricity following Eskom's suspension its operations in the area; notes that this follows an incident that took place on Sunday 30 July 2023 when Eskom employees working at the site were robbed at gunpoint of their belongings and the company's bakkie was also highjacked in the process; notes that these latest events that robbed the community of Zwezwe of access to proper service delivery due to deeds of criminals is concerning; notes that it is more concerning when the Province spends millions of rands on law enforcement under the so-called Safety Plan but then LEAP officers are always nowhere to be found as communities are left to the mercy of criminal syndicates; and notes that this is further proof that the so-called Safety Plan is nothing but just a waste of taxpayers' money.

3. Ms A P Bans: That the House expresses grave concern over the alarming rise in gang activity and gun violence in Cape Town; notes that the escalating levels of crime and senseless loss of lives demand urgent attention and immediate action from the DA-led administration; notes that, as elected representatives, we have a moral obligation to ensure the safety and well-being of our citizens; notes that the increasing presence of gangs and the proliferation of illegal firearms pose a severe threat to the stability and harmony of our communities; calls on the DA-led administration to develop and present a comprehensive action plan to address this pressing issue; notes that the plan should focus on effective strategies for crime prevention, intelligence-led policing, community engagement and collaboration with law enforcement agencies. And notes additionally that it should incorporate programmes to uplift and support at-risk youth by providing alternatives to a life of crime.

4. Ms A P Bans: That the House extends our deepest condolences to the victims and families affected by the tragic mass shooting at Boss Tavern in Philippi, Cape Town; notes that this senseless act of violence has left our community in mourning; notes that we stand in solidarity with those who have lost their loved ones; notes that, in the light of this heinous incident, we call on the DA-led government to collaborate with the Community Policing Forum (CPF) and Law Enforcement Advancement Plan (LEAP) officers to work closely with the South African Police Service (SAPS) and the community to implement comprehensive measures that ensure the safety and security of all residents; notes that it is a shame that the DA-led City of Cape Town has failed to even install CCTV cameras;
and may the memory of the victims be a guiding light as we unite to build a safer and more resilient community for the future.

5. Ms C A T Murray: That the House notes with approval the fantastic achievement of Innovation City, founded by Kieno Kammies and Stephan Ekbergh, in growing their business and creating a space where other businesses in Cape Town's technology ecosystem can grow; further notes that it is entrepreneurs that are the backbone of any growing economy; also notes that this type of private-sector success in creating jobs is exactly what the Growth for Jobs Strategy further aims to enable; and notes that it will take a united effort from all of society, private and public sectors together, to put an end to high unemployment.

6. Mr D America: That the House condemns the current ongoing taxi strike that has caused significant disruptions to public transportation services; notes the withdrawal of SANTACO from the Taxi Task Team; notes that this withdrawal has regrettably created a void in the communication channels necessary for resolving grievances and for finding common ground; notes that the strike actions have led to the stranding of countless people, affecting their daily lives and causing undue inconvenience; urges all parties involved to prioritise dialogue and cooperation; and notes that constructive engagement and open communication are paramount to finding sustainable solutions that address the concerns of the taxi industry while ensuring the seamless mobility of citizens.

*See also:* Mr F C Christians (p 4); Mr P J Marais (p 4); Ms L M Maseko (p 5); Mr M K Sayed (p 6); Mr C M Dugmore (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Mr M Kama (p 6); Ms A P Bans (p 6); Ms A P Bans (p 7); Mr M K Sayed (p 7); Ms N D Nkondlo (p 7); Ms N G Bakubaku-Vos (p 7); Mr M K Sayed (p 8); Ms D M Baartman (p 8); Mr T M Klaas (p 8); Mr C M Dugmore (p 11); Ms A Cassiem p 12; Mr T M Klaas (p 12); Ms A P Bans (p 12); Ms N D Nkondlo (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N G Bakubaku-Vos (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr F C Christians (p 14); Mr I M Sileku (p 14); Ms N G Bakubaku-Vos (p 15); Mr M K Sayed (p 15); Ms A P Bans (p 15); Mr M Kama (p 15); Mr C M Dugmore (p 16); Mr G Bosman (p 17); Mr F C Christians (p 17); Mr C M Dugmore (p 18); Ms D M Baartman (p 18); Mr T M Klaas (p 18); Ms A P Bans (p 18); Mr K Brinkhuis (p 21); Ms A P Bans (p 21); Mr C M Dugmore (p 21); Mr M Kama (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Ms P Z Lekker (p 21); Mr F C Christians (p 21); Mr L L Mvimbi (p 21); Mr M K Sayed (p 21); Mr F C Christians (p 23); Ms A P Bans (p 23); Ms N G Bakubaku-Vos (p 23); Ms R Windvogel (p 23); Mr P Marran (p 23); Mr L L Mvimbi (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A Cassiem (p 24); Mr T M Klaas (p 24); Mr K Brinkhuis (p 24); Mr T M Klaas (p 25); Mr I M Sileku (p 25); Mr L L Mvimbi (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr M K Sayed (p 25); Mr M K Sayed (p 26).

No 18 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 10 AUGUSTUS 2023

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Mnr C M Dugmore
Mnr C Fry
Me N D Nkondlo
Mnr P J Marais
Mnr G Pretorius
Mnr P T de Villiers
Mnr F C Christians

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**AANGELEENTHEID VAN OPENBARE BELANG (ooreenkomstig Staande Reël 143)**

Mnr C M Dugmore (Leier van die Opposisie): Die minibustaxi-staking.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(10 Augustus 2023)***

1. Mnr L L Mvimbi: Dat die Huis die padverordeninge wat deur die DA geïmplementeer is, debatteer.

2. Me A P Bans: Dat die Huis die toenemende getal massaskietvoorvalle in die Wes-Kaap debatteer.

3. Me R Windvogel: Dat die Huis die impak van die taxistaking op gesondheidsfasiliteite in Kaapstad debatteer.

4. Me A P Bans: Dat die Huis die veiligheid van Eskom-werkers in Kaapstadse informele nedersettings debatteer.

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(3 Augustus 2023)***

1. Me A Cassiem: Dat die Huis kennis neem dat die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF) op 29 Julie 2023 hul 10de bestaansjaar gevier het, wat suksesvol by Soccer City in Johannesburg gehou is; verder kennis neem dat hierdie herdenking nie ongesiens verbygegaan het nie aangesien sogenaamde leiers van ander politieke partye, soos die DA en VF+, ook desperaat op die golf probeer ry het ten einde relevant te bly deur hul na polisiestasies te haas en hulle gedreig het om die party en sy opperbevelvoerder, Julius Malema, by die Verenigde Nasies se Menseregteraad aan te kla oor ŉ vryheidstrydlied wat tydens die geleentheid gesing is; en verklaar dat dit net twee desperate politieke partye is wat die EFF sal gebruik in hul desperate pogings om goedkoop politieke punte te slaan in hul stryd om die rassistiese Afrikaner-minderheidskiesers te wen.

2. Me A Cassiem: Dat die Huis kennis neem dat die gemeenskap van die Zwezwe-informele nedersetting in Khayelitsha sonder elektrisiteit gelaat is nadat Eskom sy werksaamhede in die gebied opgeskort het; kennis neem dat dit volg op ŉ voorval wat op Sondag 30 Julie 2023 plaasgevind het toe Eskom-werknemers wat by die perseel werk, met vuurwapens van hul besittings beroof is en die maatskappy se bakkie ook in die proses gekaap is; kennis neem dat hierdie jongste gebeure wat die gemeenskap van Zwezwe van toegang tot behoorlike dienslewering beroof het, weens dade van misdadigers kommerwekkend is; kennis neem dat dit meer kommerwekkend is wanneer die Provinsie miljoene rande bestee aan wetstoepassing volgens die sogenaamde Veiligheidsplan, maar dan is LEAP-beamptes nooit êrens te vinde nie aangesien gemeenskappe aan die genade van misdaadsindikate oorgelaat word; en kennis neem dat dit ŉ verdere bewys is dat die sogenaamde Veiligheidsplan niks anders is nie as net ŉ vermorsing van belastingbetalers se geld.

3. Me A P Bans: Dat die Huis ernstige kommer uitspreek oor die kommerwekkende toename in bendebedrywighede en wapengeweld in Kaapstad; kennis neem dat die stygende vlakke van misdaad en die sinnelose verlies aan lewens dringende aandag en onmiddellike optrede van die DA-geleide administrasie vereis; kennis neem dat ons as verkose verteenwoordigers ŉ morele verpligting het om die veiligheid en welstand van ons burgers te verseker; neem kennis dat die toenemende teenwoordigheid van bendes en die verspreiding van onwettige vuurwapens ŉ ernstige bedreiging vir die stabiliteit en harmonie van ons gemeenskappe inhou; ŉ beroep op die DA-geleide administrasie doen om ŉ omvattende aksieplan te ontwikkel en voor te lê om aan hierdie dringende kwessie aandag te skenk; kennis neem dat die plan moet fokus op doeltreffende strategieë vir misdaadvoorkoming, intelligensiegeleide polisiëring, gemeenskapsbetrokkenheid en samewerking met wetstoepassingsagentskappe; en ook kennis neem dat dit programme moet insluit om jongmense wat in gevaar is, op te hef en te ondersteun deur alternatiewe te verskaf vir ŉ lewe van misdaad.

4. Me A P Bans: Dat die Huis innige meegevoel betuig met die slagoffers en families wat geraak is deur die tragiese massaskietery by Boss Tavern in Philippi, Kaapstad; kennis neem dat hierdie sinnelose daad van geweld ons gemeenskap in rou gelaat het; kennis neem dat ons eensgesind is met diegene wat hul geliefdes verloor het; kennis neem dat ons, in die lig van hierdie gruwelike voorval, ŉ beroep op die DA-geleide regering doen

om saam te werk met beamptes van die Gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) en die Wetstoepassingsbevorderingsplan (LEAP) om nou met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die gemeenskap saam te werk om omvattende maatreëls te implementeer wat die veiligheid en sekuriteit van alle inwoners verseker; kennis neem dat dit jammer is dat die DA-geleide Stad Kaapstad versuim het om selfs kringtelevisiekameras te installeer; en mag die nagedagtenis van die slagoffers ŉ baken bly terwyl ons saamstaan om ŉ veiliger en meer veerkragtige gemeenskap vir die toekoms te bou.

5. Me C A T Murray: Dat die Huis met goedkeuring kennis neem van die fantastiese prestasie van Innovation City, gestig deur Kieno Kammies en Stephan Ekbergh, om hul sakeonderneming te laat groei en ŉ ruimte te skep waar ander sakeondernemings in Kaapstad se tegnologiese ekosisteem kan groei; verder kennis neem dat dit entrepreneurs is wat die ruggraat van enige groeiende ekonomie is; ook kennis neem dat hierdie tipe privaatsektorsukses met die skep van werkgeleenthede presies dit is wat die Strategie vir Werkgeleenthede deur Groei beoog om verder moontlik te maak; en kennis neem dat dit ŉ verenigde poging van die hele samelewing, van private en openbare sektore saam, sal verg om ŉ einde aan hoë werkloosheid te bring.

6. Mnr D America: Dat die Huis die huidige voortslepende taxistaking veroordeel wat aansienlike ontwrigting van openbare vervoerdienste veroorsaak het; kennis neem van die onttrekking van SANTACO aan die Taxitaakspan; kennis neem dat hierdie onttrekking ongelukkig ŉ leemte gelaat het in die kommunikasiekanale wat nodig is vir die oplossing van griewe en om gemeenskaplike oplossings te vind; kennis neem dat die stakingsaksies gelei het tot die stranding van talle mense, wat hul daaglikse lewens beïnvloed en onnodige ongerief veroorsaak het; alle betrokke partye versoek om dialoog en samewerking te prioritiseer; en kennis neem dat konstruktiewe betrokkenheid en oop kommunikasie uiters belangrik is om volhoubare oplossings te vind wat aandag skenk aan die kommer van die taxibedryf, terwyl die ononderbroke mobiliteit van burgers verseker word.

*Kyk ook:* Mnr F C Christians (bl 4); mnr P J Marais (bl 4); me L M Maseko (bl 5); mnr M K Sayed (bl 6); mnr C M Dugmore (bl 6); me R Windvogel (bl 6); mnr M Kama (bl 6); me A P Bans (bl 6); me A P Bans (bl 7); mnr M K Sayed (bl 7); me N D Nkondlo (bl 7); me N G Bakubaku-Vos (bl 7); mnr M K Sayed (bl 8); me D M Baartman (bl 8); mnr T M Klaas (bl 8); mnr C M Dugmore (bl 11); me A Cassiem (bl 12); mnr T M Klaas (bl 12); me A P Bans (bl 12); me N D Nkondlo (bl 12); me A P Bans (bl 13); me N G Bakubaku-Vos (bl 13); me R Windvogel (bl 13); mnr F C Christians (bl 14); mnr I M Sileku (bl 14); me N G Bakubaku-Vos (bl 15); mnr M K Sayed (bl 15); me A P Bans (bl 15); mnr M Kama (bl 15); mnr C M Dugmore (bl 16); mnr G Bosman (bl 17); mnr F C Christians (bl 17); mnr C M Dugmore (bl 18); me D M Baartman (bl 18); mnr T M Klaas (bl 18); me A P Bans (bl 18); mnr K Brinkhuis (bl 21); me A P Bans (bl 21); mnr C M Dugmore (bl 21); mnr M Kama (bl 6); me R Windvogel (bl 6); me P Z Lekker (bl 21); mnr F C Christians (bl 21); mnr L L Mvimbi (bl 21); mnr M K Sayed (bl 21); mnr F C Christians (bl 23); me A P Bans (bl 23); me N G Bakubaku-Vos (bl 23); me R Windvogel (bl 23); mnr P Marran (bl 23); mnr L L Mvimbi (bl 24); mnr P Z Lekker (bl 24); me A Cassiem (bl 24); mnr T M Klaas (bl 24); mnr K Brinkhuis (bl 24); mnr T M Klaas (bl 25); mnr I M Sileku (bl 25); mnr L L Mvimbi (bl 25); me P Z Lekker (bl 25); mnr M K Sayed (bl 25); mnr M K Sayed (bl 26).